HOËRSKOOL RANDBURG

SLAGGEREED

HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

JAARVERSLAG 2010

ALGEMENE INLIGTING

LEERDERTAL : 10DE SKOOLDAG : 2010

	Seuns	Dogters	Totaal
Gr 8	85	68	153
Gr 9	71	76	147
Gr 10	61	77	138
Gr 11	58	62	120
Gr 12	64	63	127
Totaal	339	346	685

DIE VOLGENDE VAKKE WORD BY DIE SKOOL AANGEBIED

GRAAD 8 EN 9 : ALGEMENE OPVOEDING EN OPLEIDING (GET)

Die volgende leerareas, wat onderhewig is aan die voorskrifte van die Departement van Onderwys, word gevolg:

- Taal, Geletterdheid en Kommunikasie
- Wiskundige Geletterdheid Wiskunde en Wiskundige Wetenskap(WGWWW)
- Natuurwetenskap
- Sosiale Wetenskap
- Tegnologie
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskap
- Kuns en Kultuur

Rekenaarvaardigheid word aangebied om leerders touwys te maak oor hoe om, onder andere, op die internet navorsing te doen. *Microsoft Office Word*, *Microsoft Office Excel* en *Microsoft Office PowerPoint* word gebruik.

Graad 9-leerders skryf psigometriese toetse ten einde die regte vakkeuse vir graad 10 te maak. Die Opvoedkundige Leiding Departement verleen dan individuele hulp aan graad 9-leerders en hul ouers sodat hulle 'n ingeligte en verantwoordelike besluit kan neem.

GRAAD 10 TOT 12 : VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING (FET/VOO)

Leerders wat die VOO suksesvol voltooi, ontvang aan die einde van graad 12 'n sertifikaat. Hierdie VOO-sertifikaat is 'n vlak-4 kwalifikasie soos bepaal deur die Nasionale Kwalifikasie-owerhede.

Die doel van die VOO is om:

- leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus om sinvol in die gemeenskap deel te neem.
- 'n betroubare en geloofwaardige basis te vorm vir verdere toelating tot hoër onderwys.
- werkgewers 'n realistiese profiel van die leerder se kennis, vaardighede en vermoë te gee.

Die VOO bestaan uit 'n fundamentele komponent en 'n kern- en keusekomponent:

FUNDAMENTEEL (Verpligtend)	• Afrikaans Huistaal • English Home Language of English First Additional Language • Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid • Lewensoriëntering
KERN & KEUSE Kuns & Kultuur: Sake, Handel & Bestuurstudies: Vervaardiging, Ingenieurs & Tegnologie Mens & Sosiale Studies & Tale Fisiese, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- & Landbou Wetenskappe Duits word as 'n na-uurse vak aangebied.	 • Ontwerp • Dramatiese Kunste • Musiek • Visuele Kunste • Rekeningkunde • Besigheidstudies • Ekonomie • Gasvryheidstudie • Toerisme • Ingenieursgrafika en -ontwerp • Siviele Tegnologie • Aardrykskunde • Geskiedenis • Tale soos Frans en Duits • Rekenaartoepassingstegnologie • Inligtingstegnologie • Lewenswetenskappe • Fisiese Wetenskappe

SPORTSOORTE BY DIE SKOOL:

Atletiek, hokkie, gholf, krieket, landloop, netbal, rugby, skaak, swem, tafeltennis en tennis. Ons leerders neem ook deel aan karate, tae kwondo, skiet, perdry, hengel, dans, ens.

OP DIE VERHOOG VIND ONS:

Koor, verhoogproduksies, drama-produksies, debat (Afr. & Eng.), redenaars (Afr. & Eng.), kunskompetisies & kunsuitstallings, skryfkompetisies en Eisteddfod; 'n kultuurfees vir almal, orkeste, sang en instrumentale musiek.

PERSONEEL-PROFIEL

Hoërskool Randburg se personeel bestaan uit 46 onderwysers, 1 opvoedkundige sielkundige, 1 deeltydse maatskaplike werker, 4 musieksentrumpersoneel, 7 administratiewe personeel en 11 algemene assistente.

Inligting van onderwysers is as volg:

Ouderdom (in jare):	<30	30 – 40	41 – 50	>50
	8	4	13	16

Jare ondervinding:	>30	20 – 30	10 – 20	0 - 10
	10	11	7	13

Jare werksaam by Hoërskool Randburg	>30	20 – 30	10 – 20	<10
	2	7	7	25

Jare graad 12-onderwysondervinding	>30	20 – 30	10 – 20	<10
	5	6	7	12

Jare graad 12-nasienondervinding	>30	20 – 30	10 – 20	<10
	0	5	7	10

Hoofleiers:	6

DUX-leerders:	5

Provinsiale sportkleure:	13

Tersiêre Kwalifikasies:	B.A.	8	M.A.	2
	B.A. Hons	6	M.SC	1
	B.Com	2	M.Th. Drama	1
	NGSO	3	B.Ed.	11
	N.O.S.	1	B.Ed Hons	5
	Ph.D	1	BA Ed.	2
	BA H.O.D.	6	Diplomas	14
	GDO	2		
	41% het na-graadse kwalifikasies 11 Honeursgrade 4 Meestersgrade 1 Ph.D			

ONDERSTEUNERSKLUB

- Hoërskool Randburg se ouers bedryf 'n ondersteunersklub wat fondse insamel vir die ondersteuning van skoolaktiwiteite d.i. sport, kultuur & akademie.
- Kwaliteit-afrigters word voorsien deur die klub vir A- en B-spanne.
- Toerusting word aangekoop en fasiliteite word uitgebrei en in stand gehou.
- Elke aktiwiteit het 'n ouer-voorsitter en -komitee en hulle staan die skool by in die daarstelling van kwaliteit-geleenthede.

ONDERWYSHULPDIENS

- Vakbegeleiding
- Die skool doen intensiewe persoonstoetsing om leerders met vakkeuse te help.
- 'n Maatskaplike werker staan ons by wanneer nodig.
- Leeslaboratorium en leesperiodes
- Beroepsleiding
- Berading vir onderpresteerders en druipelinge
- Assessering en gedeeltelike remediëring van leerders met leerhindernisse.

MATRIEKAFSKEID

Hierdie spoggerige aand word op 23 September 2010 deur 'n komitee van matriek-ouers gereël. Dié aand leef lank in die geheue van ons graad 12-leerders.

OUERAANDE

Jaarliks word oueraande vir spesifieke grade gehou en ook vak-aande waar ouers die geleentheid kry om vakonderwysers te besoek. Graad-oueraande word besonder goed bygewoon, terwyl algemene aande per afspraak plaasvind.

PERSONEEL WAT IN 2010 BY ONS BEGIN HET

- Me Annelize Ludick
- Me Iris Klingbiel
- Me Christine Mostert
- Mnr. Rochér Viljoen
- Me Lizette Stander
- Me Sanette Voight
- Me Madelein Krüger
- Mnr. Gerhard Walters
- Me Annelene Els (aflos)
- Mnr. Hein Hefer
- Mnr. Edgar Ihrle
- Me Franci Gerber

PERSONEEL WAT ONS IN 2010 VERLAAT

- Mnr Toffie Grové
- Me Bertie du Toit
- Me Leonie van Straaten
- Me Erika Hendriks
- Me Madelein Krüger
- Me Eunice Masombuka
- Me Iris Klingbiel
- Mnr. X van Dyk

DIE BEHEERLIGGAAM

Allen Jan (O/V), Booysen Pieter, Coetzee Sunet, Dannhauser Johann, Dirker Willem, Du Toit Elsa, Eksteen Sheila, Havinga Yolandé, Knoetze Tony, Kotzé Jannie, Laubscher Johan, Marais Toetie, Mashiani Simon, Meyer Marius, Vd Berg Francois, Oosthuysen PC (V), Stapelberg Daniël, Steyn Piet, Swart Linda, Torlage Hettie, Van Rooy Caro, V Schalkwyk Stephan, Van Wyk Trudi, Vd Berg Santi en Vogel Jan

STUDENTEFORUM VAN 2010

Senior komponent (graad 12)

Brannon Leliën, Carstens Marli, Coetzer Ann, Dannhauser Juan, Du Plessis Corneli, Els Mariska, Hanekom Suzanne, Irwin Kevin, Kotzé Nieke, Meintjes Johanci, Neethling Brent, Oosthuysen Jean, Opperman Juanita, Stapelberg Daniël, Steyl Lourens, Van Rooy Caro, Vd Merwe Johann, Vd Merwe JJ, Vd Walt Johan, Visser Martin, Welman Idalé en Wingard Karen

Junior komponent (graad 8 tot 12)

GR 12	Gerhard Roodt, Reandi Engelbrecht, Pieter Venter, Nadine Sheppard, Ryan Marx, Natali Conradie, Jaco Liebenberg en Nadine Pretorius.
GR 11	Ruan Mentz. Retha de Villiers, Jean J van Rensburg, Anseugnet Fouché, Dean Dubber, Marneli van Wyk, Cassie Crause, Tanya van Eyk, Heinrich Smit en Marli Steyl
GR 10	Emile Klingbiel, Bianca Mayers, Stefan van Jaarsveld, Marika van Zyl, Adriaan van Kraayenburg, Sunay van der List, Briel Gerber, Michelle Swanepoel, Marno Grobler en Lorraine Laubscher.
GR 9	Jonathan Long, Kara Fourie, Hilgard Meyer, Liezl Huyser, Brendan Lynch, Helga Bensusan, Ettienne Smuts, Madelein Louw, Charlie Rossouw en Kyla Visser
GR 8	Tiaan Swartz, Corlia van Wyk, Franco vd Berg, Elna vd Heever, Pieter Meyer, Saramari Prins, Henré van Rooy, Mariaan Lubbe, Louis Coetzee en Jessica Zaayman

2010 GRAADVOOGDE

Graad 12: S de Bruin & C Mostert
Graad 11: E Mans & E Naudé
Graad 10: R Janse van Vuuren & S vd Berg
Graad 9: T Maritz
Graad 8: Y Coetzee & E de Meillon

FINANSIES (2010)

Die finansiële posisie van Hoërskool Randburg gedurende 2010 was gesond. Hoewel die ekonomie ons ook gedruk het, was uitgawes binne begroting en het ons besparings sover moontlik probeer aangaan. Dankie aan alle ouers wat getrou hulle verpligtinge nagekom het. Teen die ouers wat geen reëlings met die Beheerliggaam getref het vir betaling van skoolgelde nie, moes daar noodgedwonge verdere stappe gedoen word.

MATRIEKUITSLAE

Dit is die derde keer dat die Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat soos deur Umalusi uitgereik, afgelê word. Hoërskool Randburg skryf 124 leerders in en almal slaag.

Neem asseblief kennis dat Wiskunde Vraestel 3 as opsionele vraestel geskryf is en so aangedui word op die kandidate se uitslae. Hierdie vak word nie by die bepaling van die kandidaat se gemiddeldes of finale uitslag in berekening gebring nie. Ons teken dus net die onderskeidings as deel van ons verslag aan.

Mariska Els

Afrikaans Huistaal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Rekenaartoepassingstegnologie, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Engels Huistaal en Wiskunde III

Jean Oosthuysen

Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Rekenaartoepassingstegnologie, Fisiese Wetenskappe en Wiskunde III

Johannes van der Merwe

Afrikaans Huistaal, Engels Huistaal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Ekonomie, Fisiese Wetenskappe en Wiskunde III

Niel Cloete

Engels Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Ingenieursgrafika en –ontwerp, Inligtingstegnologie, Fisiese Wetenskappe en Wiskunde III

Ann Coetzer

Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Rekeningkunde, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe

Jaco Liebenberg

Afrikaans Huistaal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe en Wiskunde III

Marijke Uys

Afrikaans Huistaal, Engels Huistaal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe en Visuele Kunste

Lourens Steyl

Afrikaans Huistaal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Rekenaartoepassings-tegnologie, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe

Erika van der Colff

Afrikaans Huistaal, Ekonomie, Engels Huistaal, Inligtingstegnologie, Lewensoriëntering en Wiskunde

Daniël Stapelberg

Afrikaans Huistaal, Ekonomie, Engels FAL, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering en Wiskunde

Johanci Meintjes

Afrikaans Huistaal, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, RTT, Rekeningkunde en Wiskunde

6

Marli Carstens

Afrikaans Huistaal, Engels Huistaal, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe en Wiskunde

6

JJ van der Merwe

Afrikaans Huistaal, Besigheidstudies, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe en Wiskunde

5

Byron Roelofsz, Francois Venter, Crystal Low, Brent Neethling, Juanita Opperman, Martin Visser en Jurgens Marx

4

Heinrich Vogel, Timothy Hamman, Nadine Pretorius en Ricus Scholtz

UITSLAE VAN ANDER GRADE VIR 2010

Graad	Aantal leerders	Druipelinge	Toppresteerder
8	145	6	Saramari Prins & Franco vd Berg
9	146	2	Madelein Louw
10	142	2	Johan Langenhoven
11	110	6	Tanya van Eyk

AKADEMIESE PRESTASIES : OLIMPIADES

- Mari Labuschagne behaal 'n **landswye** agtste plek in die Junior Afrikaanse Olimpiade. Provinsiaal behaal sy 'n sewende plek.
- Riemer Joubert, Michelle Swanepoel en Leandri Willis het ook almal bo die nasionale gemiddeld in die Junior Afrikaanse Olimpiade behaal.
- 16 leerders dring deur na die tweede rondte van die Harmony SA Wiskunde Olimpiade.

OUDLEERDERS WAT OP AKADEMIESE GEBIED PRESTEER

Naam	Kwalifikasie	Matriek
C du Preez	BIng (Elekt en Elektron)	1990
A v Huyssteen	MEd (Psig)	1997
M Cloete	MScAgric (NB)	2001
K vd Schyff	MA (NH)	2001
EM Cloete	HonsBSc	2003
M Dekker	HonsBComm	2004
E Gouws	BA in VK (Skone Kunste)	2004
M Kotzé	MDiv (Kerklike Bediening)	2004
L Malan	BA in VK (Kr Juwel en Met)	2004
HL Barnard	BSc (Mens Lewe) (Biologie)	2005
H Botha	BScAgric (Wynk Spes)	2005
E de Beer	HonsBA	2005
L Fourie	NOS	2005
JM Nel	HonsBComm	2005
CL Zwemstra	BSc in Fisioterapie	2005

OUDLEERDERS WAT OP SPORTGEBIED PRESTEER

- Rozanne Naudé (matriek 2007) word in die Suid-Afrikaanse Universiteite Netbalspan opgeneem.
- Anthony de Villiers word tot die Luiperd Amateur Rugbyspan verkies.

SPORT

NASIONALE DEELNAME EN SPRINGBOKKLEURE

- **Tamlin Crafford** neem aan die *African Junior Swim Championships* in Mauritius deel.
- **Gawie Thale** het tydens die Nasionale week vir onder 15-spelers in Grahamstad baie goed as bouler vertoon.
- Tydens die Nasionale-Weke wat gedurende die Desember 2009 vakansie plaasgevind het, het ons krieketsterre die volgende prestasies gelewer: **Rico du Plessis** is as kaptein van die Gauteng Onder 19A-span vir die Coca Cola Onder 19-week aangewys. Dit is die eerste speler van Hoërskool Randburg wat as kaptein van 'n Gauteng Onder 19-span aangewys word. Hy word ook na afloop van die week as kaptein van die Suid-Afrikaanse Onder 19B-span aangewys. Rico is ook deel van die Strikers Seniorspan wat in 'n drie-dagwedstryd teen Natal gespeel het.
- **Roelien Reyneke** word gekies as lid van die IPL (Indian Premier League) Cheerleader Squad wat vanaf 9 Maart tot 20 April in Indië getoer het. Die groep bestaan uit 30 meisies vanoor die hele Suid-Afrika wat tydens die opwindende IPL Krieketreeks optree.
- **Wade Meyer** neem aan die SA Lewensreddingkampioenskap deel en behaal uitstekende uitslae.
- **Kirsten Steyn** verteenwoordig SA tydens die Junior Wêreldbekerkampioenskap in Azerbaijan in die onder 17-, onder 20- en SA-opespan. (skerm)
- **Tamlin Crafford, Mathys Goosen en Niel Cloete** word gekies om aan die Telkom SA Level 3 National Swimming Championships deel te neem.
- **Tamlin Crafford** neem aan die SA Senior Swemkampioenskap deel.
- **Luan Kruger** word in die SA Vlieghengelspan opgeneem.
- **Renier Moolman** neem aan die Afrika Tenniskampioenskap in Abuja, Nigerië deel.
- **Helga-Wendy Bensusan en Ruan Bouwer** neem aan die Nasionale Atletiek Kampioenskap deel.
- **Tiaan Swarts** eindig twee en twintigste tydens die SA Tweekamp Kampioenskap.

- Tiaan Bessinger verwerf Junior SA-kleure in ysskaats en word gekies om SA in Budapest, Hongarye te verteenwoordig.
- Annie Booysen neem aan die SA Tang Soc Do Kampioenskap deel.
- Jacques Horn neem aan die Nasionale Junior fietrytoer deel.
- Mathys Goosen Nasionale Swemspan

PROVINSIAAL DEELNAME EN GAUTENGKLEURE

- Johan van der Merwe (graad 11) word gekies as lid van die Lion Cubs en het vanaf 3 tot 9 Januarie 2010 aan 'n toernooi in Stellenbosch deelgeneem.
- Tiaan Bessinger, 'n graad 9-leerder, verteenwoordig Sentraal Gauteng by die Suid-Afrikaanse Ysskaatskampioenskap in Pretoria en verwerf 'n eerste plek in die "Novice"-afdeling.
- Kirsten Steyn neem aan die Gauteng Ope Skermkampioenskap deel.
- Die volgende swemmers het aan die Gauteng Kampioenskap deelgeneem: Tanya Abrie, Carla du Toit en Leon Brits
- Tiaan Swartz word gekies om Gauteng tydens die Nasionale Central Gauteng Biathlon Association te verteenwoordig.
- Bjorn Foyn word in die Wesrand onder 19A-Rugbyspan opgeneem.
- Johandré van Rooyen word in die D10-Hokkiespan opgeneem.
- Liezle Strydom word in die Gauteng onder 19-netbalspan opgeneem.
- Tamlin Crafford neem aan die SA Nasionale Senior Kortbad Swemkampioenskap deel.

SPANPRESTASIES

- Hoërskool Randburg se swemspan wen die Interhoërliga.
- Saterdag, 17 Julie: die Vlakvarke (onder 14-span), die Ratels (onder 15-span), die Willehonde (onder 16-span) en die Eerstespan het almal aan die semifinaal van die Goue Leeus deelgeneem. Al vier hierdie spanne dring deur na die finale toe – die eerste keer in baie jare dat Hoërskool Randburg hierdie sukses smaak. Die Vlakvarke (5 – 7), die Ratels (13 – 12) en die Willehonde (19 – 12) wen almal hul wedstryde teen Trinity en die Eerstespan wen 25 – 24 teen Fochville.
- Op 24 Julie speel dié spanne in die finaal van die Goue Leeus, ongelukkig het die Vlakvarke (onder 14-span) en die Eerstespan verloor. Die Ratels en die Willehonde het met groot blydskap met die trofee weggestap.
- Die onder 16-rugbyspan eindig tweede in die Beeld Trofee-kompetisie.
- Hoërskool Randburg eindig tweede tydens die Nasionale SANEF (ruitersport) Kampioenskap.

KULTUUR

SKRYFKUNS

MUSIEK & KOOR

- Die koor skop weereens hierdie jaar af met 'n Debuutkonsert op Saterdag, 13 Maart 2010, om 19:00, in die Berario Gemeenskapsentrum. "Flip a Coin" tree as gaskunstenaar op.

VOORTREKKERS

- Martin Visser en JJ van der Merwe ontvang Presidentverkenner toekennings van die Unika Voortrekker Kommando.

UITVOERENDE KUNSTE

- Marnis Kruger neem aan die Suid-Afrikaans Kampioenskap vir die Uitvoerende Kunste in Rustenburg deel.
- Tharina Bouwer ontvang 8 goue medaljes tydens die World Performing Art Competition en word as deel van die New Zeeland-span verkies.

MAGNEETSKOOL VIR MUSIEK

Nadine Pretorius matriekleerder, (2010) behaal 'n onderskeiding in musiek en het ook 'n studiebeurs met haar praktiese oudisie in klavier aan die Potchefstroomse Universiteit "losgespeel" het.

Baie geluk aan die volgende leerders wat uitstekend presteer het op ons eindjaar prysuitdelingskonsert:-

EREBORDE (PRAKTIES):

André van der Merwe	Klavier	Gr. 4	85%
Annique Cilliers	Klavier	Gr. 4	87%
Marneli van Wyk	Klavier	Gr. 5	85%

TROFEË

UNISA PRAKTIES

Junior - Annique Cilliers	Klavier	Gr. 4	87%
Senior – Marneli van Wyk	Klavier	Gr. 5	85%

BESTE VORDERING

Klavier	-	Marneli van Wyk
Sang	-	Kyla Visser
Aanmoedigingsprys	-	Monique Buys

BESTE EISTEDDFOD UITSLAE

Kyla Visser	3 Diplomas	5 Goud

BESTE SENTRUMLEERDER – HOËRSKOOL

Kyla Visser

Die volgende teorie-uitslae (2010) is bekend:-

Gr. 2	Cassie Crause	96	(Unisa ererol)
	Annerie Marx	96	(Unisa ererol)
Gr. 3	André van der Merwe	194/200	(Unisa ererol)
	Anneke van Wyk	185/200	(Unisa ererol)
Gr. 4	Anri Joubert	186/200	(Unisa ererol)
	Kyla Visser	184/200	(Unisa ererol)
Gr. 5	Marneli van Wyk	160/200	(Lof)

ANDER

PERSONEELAKTIWITEITE

Die magic-program onder ons terreinwerkers sluit die volgende in:

- Twee van ons werkers nl. Nomsa en Goodness, is ingeskryf vir hul matriekeksamen by die Equip Sentrum in Fontainebleau.
- 'n Beroep word op almal gedoen om met Enoch Afrikaans te praat en om hom te help om in Afrikaans te antwoord, aangesien dit sy behoefte is om homself te ontwikkel.
- Bybels is aan elke werker in sy eie taal verskaf danksy die NG Kerk, Randburg.
- 'n Kursus in rekenaarvaardigheid vir die terreinwerkers begin op 3 Februarie by mee Maritz en Van der Merwe.
- 'n Kursus vir die terreinwerkers oor algemene herstel aan 'n motor word gereël.
- Hoërskool Randburg se skaakafrigter is die Suid-Afrikaanse Geslote Kampioenskap Skaakkampioen van 2009.
- Ingevolge ’n besluit van die Komitee vir Musiekeksamens word erkenning verleen aan musiekonderwysers wie se kandidate buitengewoon presteer het in óf die praktiese óf die teoretiese musiekeksamens. Mee Riekie Bezuidenhout en Trudi van Wyk ontvang hierdie toekenning van UNISA.
- Mev. Anna-Marié Kruger woon ’n noodhulpkursus by die Sandton Kliniek by.

SPESIALE DINGE WAT GEBEUR HET

FASILITEITE

Een van die tegniese sentrums in die Sportsentrum is omskep in ’n gimnasium. ’n Diens wat ons daar wil vestig, is ’n biokinetiese fasiliteit vir ons leerders. ’n Nuwe aanstellings om die rol te vervul is Lizette Stander. Sy gaan ook ’n bykomende rol by die hokkie en gepaardgaande kondisioneringsaksies speel.
’n Projek om aandrokke en aandpakke aan behoeftige skole te skenk word met besondere welslae afgehandel.

MEDIESE OEFENING VIR SOKKER WÊRELDBEKER 2010

Agt en twintig leerders van Hoërskool Randburg het in Maart aan 'n mediese oefening deelneem om die effektiwiteit van mediese dienste in SA tydens die Wêreldbeker te bepaal. Die leerders is as “pasiënte” opgemaak en is deur ambulanse van ER24, Netcare 911 en Eaner-g-med “behandel” en na Sandton Medi Clinic vervoer. 'n Helikopteroefening het ook plaasgevind.

“MAGIC IN THE PARK”

Hoërskool Randburg se sokkerfees, “Magic in the Park”, het gesorg vir ’n dag van feestelikheid, saamkuier, saamspeel en sal nog baie lank in die geheue van baie mense bly. Van ons buurskole se kommentaar: “Dankie dat julle so 'n wonderlike geleentheid aan ons skool gebied het – ons is so trots dat ons die laerskole-kompetisie gewen het!” Laerskool Boskop: “From the moment we arrived at school the vibe and feeling of unification was tangible. The opening parade and choir’s beautiful singing gave me the chills …” Trinity House

STRATEGIESE RIGTING

In samewerking met QWHeST volg die skool ’n proses van waarderende ondersoek ten einde die “Magic” van ons skool te bepaal.
Vier fokusareas vir 2010 word aangeteken.

1. Fasiliteite
2. Skoolkultuur en Gees
3. Sport
4. Ontwikkeling van menspotensiaal.

- Hieruit het reeds ontwikkel:
  - ’n Sportsentrum met die volgende dienste: talent-identifisering en ontwikkeling, kondisionering, biokinetiese diens, sportwetenskaplike diens.
  - Die gedagte is om dié te laat ontwikkel in ’n gemeenskapsentrum wat amper ’n “een-stop”-sport- en mensontwikkelingsdiens lewer.
  - ’n Kommunikasieplan het ook die lig gesien.
  - Om aan te sluit by die Wêreldbeker Sokker finaal in 2010 word ’n sokker-toernooi in 2010 by ons skool beplan.

Hierdie fokusse gaan ons aksie rigting gee en stuur, van nou af vir die volgende drie jaar.

MORNING LIVE

Die volgende leerders is gekies om Woensdag, 2 Junie by die Randburg hof aan 'n kunskompetisie deel te neem: Leliën Brannon, Karen Wingard, Nadine Sheppard, Carmen Botha, Liechen van den Heever, Reandi Engelbrecht, Juanita Opperman, Kuschke Terblanche, Guido Assmann en Anelle Swart. Hierdie kunswerk sal Donderdag, 3 Junie 2010 op SABC2 (Morning Live) beoordeel word.
Geluk ook aan die koor wat op Donderdag, 3 Junie tydens hierdie program optree – dit is voorwaar 'n eer!

WHIP A CHEF FACT SHEET

Baie geluk aan me Esmé du Toit en die volgende 6 leerders wat aan bogenoemde kompetisie deelgeneem het. Hierdie is 'n 39- episode program waar leerders van regoor Suid-Afrika aan 'n kookkompetisie deelneem: Vici-Suan Botha, Esri Strauss, Nadine Nagel, Johann Lutz, Claudia Strauss en Ilana vd Berg.

IN MEMORIAM

- Christine Kruger (Fourie) matrikulant 1998.
- André Lubbe matrikulant 1998.
- Mnr. Swannevelder se pa
- Mnr. Booysen se pa

HOOF SE VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Ons sal hierdie jaar onthou vir die Wêreldbeker Sokkertoernooi wat deur Suid-Afrika aangebied is. In aanloop tot die Wêreldbeker het baie lande en mense hulle voortydig verlustig in die onafwendbare fiasko.

Suid-Afrika het die uitdaging aanvaar en is bekroon met ’n nege-uit-tien: die BESTE Wêreldbeker ooit. Hoe lekker was dit nie om TROTS Suid-Afrikaans te kon wees nie?

Hoërskool Randburg skool kon vanjaar direk in dié glorie deel. Op onverklaarbare wyse is ons as oefenterrein vir die voorste span in die hele wêreld nl. Brasilië gekies. Die rugbyveld is omskep in ’n wêreldgehalte sokkerveld - outomatiese besproeiing en dreinering is geïnstalleer en nuwe indrukwekkende spreiligte is aangebring. Die ou LO-badkamers is omskep in ’n kleedkamer geskik vir wêreldkampioene.

Ons moes alle sportbyeenkomste wegskuif, maar die finale produk het alles die moeite werd gemaak. Ons het slegs tyd en energie bestee in ruil vir ’n ± 4 miljoen Rand opgradering. Elke Randjie was voorwaar trots op sy skool.

Om die fasiliteit te deel het ons vanjaar “Magic in the Park” gehou waartydens die gemeenskap en omliggende skole genooi is om in die voorspoed te deel. Só het ons begin besef dat as skool ons ’n baie groot rol in Randburg het om te speel. Bafana Bafana het ook reeds ons fasiliteite vir wedstrydvoorbereiding gebruik.

Ons het die sukses gesmaak van samewerking tussen kind, ouer, onderwyser, gemeenskap, TV, Onderwys Departement en meer. Met al dié gebeure was ons meer op TV-nuus, ander sportprogramme, oorsese TV en koerante asook in die plaaslike pers as in die afgelope 10 jaar saam.

’n Ander hoogtepunt het hom vanjaar in ’n verloor gemanifesteer. Vir die eerste keer in meer as 20 jaar het ons buurskool daarin geslaag om ons op die atletiekbaan te klop. Hierdie ervaring was vir almal ’n soort Rubikon wat nuwe dryfkrag en ywer in ons sportvoorbereiding ontketen het. Ons sien nou al uit na 2011.

Vir die eerste keer in meer as 20 jaar het vier rugbyspanne na die Goue Leeus finaal deurgedring waar die onder 15- en onder 16-spanne met die kroon weggestap het. Die onder 16-span, die “Wille Honne”, dring deur tot in die Noord van die Vaal finaal waar hulle na ’n manmoedige stryd die aftog moes blaas.

Hoërskool Randburg kon ook vanjaar met 2009 se graad 12-uitslae as die beste in 10 jaar spog.

Die koor se optredes was ook in 2010 iets besonders. Met 120 koorlede, dit is een sewende van die skool, is die koor die grootste gemengde skoolkoor in die land. Ons het die beste koorleier in die land en om die ervaring te volmaak sing hulle een aand teen die agtergrond van die Retief-slagting in die Voortrekker Monument: ’n Afrikanerhart word stil, word hartseer, maar straal van hoop ... want as dít is hoe die toekoms van ons lank klink, wil ek ook daarin deel.

Ons seunshokkie verdien vanjaar vermeld te word – hulle ywer, entoesiasme en “passie” word beloon met oorwinnings waar ons nog nooit voorheen kon nie.

Ons leer vanaf 2009 om met ’n nuwe waarderende oog te kyk daarna wat ons goed doen – hoekom dit goed en lekker is en ons leer ...

Stadig begin ons die dinge anders – ja, beter doen en my wens is dat ons sal voortgaan en elke Oud-Randjie trots op sy Alma-Mater sal maak.

Dank aan ons Skepper vir hierdie skool, sy kinders, onderwysers en ouers. Deur Sy genade gee die Blou Masjien sin aan menswees.

Mag hierdie boek die vreugde van 2010 laat herleef in elke leser se geestesoog.

P BOOYSEN: Hoof

BEHEERLIGGAAM VOORSITTER VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Die plan was dat 2010 dié jaar sal wees waar Hoërskool Randburg ‘n nuwe en baie opwindende paadjie sal loop. Die skool het die proses van waarderende ondersoek gevolg ten einde die “Hoërskool Randburg Magic” te identifiseer en te dupliseer. Die fokus op sport, fasiliteite, ontwikkeling van mensekapitaal en skoolkultuur was hoog op die skool se prioriteitslys.

Min het ons geweet dat 2010 ‘n groot jaar vir die skool op talle vlakke sal wees. Die skool het oornag ‘n integrale deel van die Sokker Wêreldbeker geword en in ruil vir die gebruik van ons fasiliteite deur Brasilië, het ons wêreldgehalte fasiliteite gekry.

Op akademiese, sport- en kultuurgebied het Randburg geskitter. Die jaarblad is inderdaad ‘n vertoonvenster vir al die Hoërskool Randburg-sterre.

Ons wil van die geleentheid gebruik maak om eerstens ons Hemelse Vader te dank vir al sy genade en bederf gedurende 2010.

‘n Woord van dank aan die onderwysers wat onder moeilike omstandighede altyd hul bes lewer.

Die kinders is ons sterre en ons is trots op hulle!

Laastens baie dankie aan die ouers vir hul bydrae tot die sukses van 2010.

Ons wens almal ‘n baie voorspoedige 2011 en sien uit om as ‘n POL-span (Personeel, Ouers en Leerders) saam te werk ten einde al die opwindende doelstellings vir 2011 ‘n werklikheid te maak.

Dr PC Oosthuysen: Beheerliggaam Voorsitter